St. Abo van Tiflis

8 Januarie

(sterf 786)

In ‘n tyd toe die antieke Christen koninkryk van Georgië onder Moslem heerskappy was, het hierdie Arabiese Moslem in diens getree by ’n Georgiese prins. So kom hy in kontak met die Christelike geloof en raak hy daarvan oortuig dat God hom roep om Christen te word. Dit was streng verbode en tog neem hy die lewensgevaarlike besluit om in 782 gedoop te word. Aanvanklik was hy veilig in die Christelike huishouding van die prins, maar later vind iemand uit dat hy van geboorte eintlik Moslem was en gaan verkla hom by die plaaslike regter. Voor die regbank erken hy sy verlede en vaste oortuiging in die waarheid van die Christelike geloof. Daarop is hy onthoof en tot vandag toe word sy herinnering lewend gehou deur die Christene van Georgië.

© Die Oratorium Uitgewery